

Donderdag 18 April

Skrifgedeelte: Eksodus 12:1-42	Fokusgedeelte: 12:13, 23, 27	Eksodus
---------------------------------------	-------------------------------------	----------------

Bloed-genade

Dis moeilik om God se gedagtegang altyd te verstaan. In hierdie gedeelte word die Pasga ingestel.

Ons kan ons maklik voorstel wat fisies gebeur: 'n Jong ram word keelaf gesny. Die bloed word in 'n bakkie opgevang. Roggelend bloei hy totdat die hart nie meer bloed het om te pomp nie. Dan voed hy met sy liggaam die mens. Tog geen been wat gebreek word nie. Die volgende môre 'n geraamte – hy het sy doel gedien, sy lewe gegee vir voedsel, maar ook bewaring: bewaring van die verderwer.

Die bloed gesmeer aan die kant- en boonste kosyne. Wanneer die Here daardie nag die duiwel (Heb. 11:28) die opdrag gee om dood te maak, bewaar hierdie bloed. Hy mag nie daar ingaan nie, hy mag nie doodmaak nie.

Ons sien die doel van hierdie gedagtegang van God as ons Hebreërs 9 en 10 lees. Die offer was nodig. Bloed as teken van lewe moet gestort word. Dood en lewe. Dood vir die ram, lewe vir die mens.

Die ware Lam het Homself een maal geoffer. Sy bloed vergiet. Een maal. Volkome offer. Dit het God in gedagte gehad met die instelling van die Pasga.

Inderdaad het ons nie meer die bloedoffer wat ons moet bring nie. Dis volkome afgehandel. Tog! Tog preek die bloed kliphard! Weereens is die prediking drievoudig:

- Slegs die bloed van Christus kon ons sonde wegneem.
- Christus se bloed is die ware drank van die ewige lewe.
- Die duiwel mag iemand wat gered is deur die bloed nie dood nie.

Dit is bloed-genade!

Sing: Skrifberyming 1-1:3

Dr. HF van Wyk (Hennie) (Bloemhof/Christiana)